# JULIE 2014

HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

# Hey! Brokkies Nuus

**Die 3de kwartaal bied weer nuwe groei en nuwe geleenthede. Ons wil hieraan vashou: Filippense 3:13b-14 "...ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is. Ek span my in om by die wenstreep te kom, sodat ek die hemelse prys kan behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus."** Die groei wat by die kinders plaasgevind die jaar is opmerklik en ons kan net aan God die eer gee daarvoor! **Liggies wat in die donker skyn vir Jesus word oral waargeneem ♥** In April het ons 4 kurrikulums wat HEY! gebruik uitgelig. **Hierdie maand deel ons nog 4 programme wat weekliks gebruik word:**



Mariska leer Beaumont se gr R 's die Evangelie d.m.v. kleure!

**1.Dapper Stappers:** **Bybelkarakters** word al stappende ontdek! 'n Bybelboks waarin verhale uitgebeeld word, word gebruik en die kinders kannie wag om te sien watter Bybelkarakter hulle elke week gaan ontmoet nie. Hierdie program werk goed by preprimêre kinders.



Lochnerhof se gr2's bid saam-dis so kosbaar ♥

**2.Verkleurmannetjies:** Die **Evangelie word d.m.v. kleure** aan die kleuters oorgedra! So stel bv. die goue kleur=God, swart-sonde en rooi=Jesus voor. Speel-speel en kleurvol leer kleuters die basiese waarhede van die evangelie. Uitstekend vir pre-primêr.



"BESTE VRIENDE" by Danie Ackermann

**3.Beste Vriende 1:** 'n **Intreevlak kursus van Bybelwaarhede vir Evangelisasie en dissipelskap**. Lesse bestaan uit 'n gedeelte uit die Bybel met temas soos die hemel, skepping, ons vyand, redding in Jesus en in tweede deel van les is daar **'n vervolg verhaal** van kinders wie groei in hulle geloof in Christus. Met groot afwagting word uitgesien na wat verder gaan gebeur in storie! Hier word ook memoriseervers gegee elke week en vragies om kennis te toets. Kinders word **geleentheid gebied om Jesus as hulle spesiale Beste Vriend aan te neem!**



"ONTDEKKERS KLUB" by Beaumont-ons

**4.Ontdekkers klub 1:** Kinders leer die **basiese Bybel waarhede van Evangelisasie en Dissipelskap**. Elke kind ontvang 'n volkleur geillustreerde werkboek waaruit hulle werk in die klas. Dit dien sommer as leesprogram ook! Hierdie is die perfekte kurrikulum om te gebruik vir kinders wie reeds Kinder EEIII / Hoop vir Kinders program gedoen het. Al die lesse bevat 'n memoriseervers, "skattejag" woord speletjie en vrae bladsy om te verseker dat daar interaktiewe deelname in die klas is. God se Woord is ons Swaard (Efesiërs 6:17) en in die program verkry die kinders 'n **dieper kennis van die Bybel.**

***Ek sluit af met gebedsuitdaging om God se almag en heiligheid opnuut te erken! Ek haal aan uit Francis Chan se "Living Crazy love" Prayer is a unique privilege...we get to come before God.. but do you take time to consider Who you are talking to and enjoy being awed by His presence?" Dit verander ons gebedslewe radikaal!***



De Hoop se gr5's het groot pret tydens tweede pouse by CiK!

**Dankie vir jou gebede, liefde en omgee! Celeste Stein-mann 082 322**